*Dinsdag* **4 November**

**Skrifgedeelte: Johannes 6:32-59**

**Fokusgedeelte: Johannes 6:44 (AFR2020)**

**God die Vader trek ons deur geloof na ons Here Jesus Christus!**

Elkeen van ons hier in Suider-Afrika ken die spreekwoord “as dit pap reën, moet jy skep”. Die rede daarvoor is dat ons besef hoe pap die stapelvoedsel geword het van baie wat minder bevoorreg is en finansieel sukkel.

In die Nuwe Testament was elke persoon goed bekend met “as dit brood reën, moet jy skep” (vs 49). Veral omdat hulle voorouers deur die geslagte heen vertel het van God se sorg in die woestyn (Eks. 16). As Jesus sê Hy is die brood van die ewige lewe en die Vader trek ons om na Hom te kom, dan maak Hy duidelik hoe belangrik Jesus vir ons is. Belangriker as die aardse stapelvoedsel van pap/brood.

Jesus verklaar waarom Hy so belangrik vir ons moet wees: Dit is God die Vader wat Hom uit die hemel na die aarde gestuur het (vs 33, 38), sodat Hy ons kan red van die armoede wat in ons is. Die sonde en die dood wat ons nie in staat stel om na God te kom of in Jesus te glo nie. Nie in staat stel om brood (verlossing van sonde deur Christus) te koop of te verdien nie.

Slegs mense wat God uitverkies het (vs 37, 44; Ef. 1:4) en waarin Hy werk deur sy Woord en Heilige Gees, sal die ewige brood ontvang. So trek God die Vader deur sy Heilige Gees sy uitverkore kinders na sy Seun. Hy doen dit deur die ware geloof in God in hulle harte vas te brand. Dit is slegs ware gelowiges wat in Jesus Christus deel het aan sy verlossing op Golgota. Wat die ewige lewe beërwe, gered is van hongersnood (sonde en skeiding tussen God en mens) en die ewige dood. Hulle sal opstaan met die wederkoms van Christus.

Daarom reageer ons as gelowiges op wat God vir ons gedoen het deur Christus. Ons gaan met dankbaarheid, afhanklikheid en vrymoedigheid na die Seun en glo in Hom. Want die Vader het die smagting deur die Heilige Gees in ons hart bewerk. Moet nie rebelleer as God die Vader jou na Jesus Christus trek nie, die lewende brood wat die ewige lewe skenk.

*Sing: Skrifberyming 18-7 (45):1, 11, 12*

*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*